


# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 13, No. 1

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2013 *Tomorrow's World*-tydskrif



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Wat is regtig agter “klimaatsverandering”?

Direk nadat die orkaan Sandy New York en New Jersey getref het, het New York Stad se burgemeester, Michael Bloomberg, gesê dat “klimaatsverandering” die “nuwe normaal” gaan word. Ander politici het sy kommentaar beaam en die aanname gemaak dat toenemende groot storms net nog 'n voortgesette gevolg is van die mensdom se swak rentmeesterskap van planeet Aarde.

### *Regtig?*

Wat hierdie leiers **nie** weet nie, is dat die grote **God** wat aan ons lewe en asem gee, *direk* in die geïnspireerde Skrif *geprofeteer* het dat werklik “abnormale” weer sal voorkom net voor Christus se wederkoms. Jesus Christus Self het – toe Hy **eindtydse** gebeure beskryf het – verklaar: “En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in *hulle* radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlijkheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is” (Lukas 21:25-28).

Die meeste belydende Christene is nie geleer dat die baie **werklike God** *wel ingryp* in Sy

skepping en soms die “weer” verander, ten einde wêreldgebeure te beïnvloed of om Sy wil te laat geskied in 'n bepaalde situasie nie. Sal daar dus toenemende “klimaatsverandering” wees in die jare wat voorlê? Indien wel, sal dit wees as gevolg van die woorde van Al Gore – of van die Almagtige God?

'n Baie slim Satan die duiwel probeer dikwels om God “voor te spring” deur aan mense “voor die tyd” verkeerde idees te gee aangaande wat voorspel is om te gebeur. Ek hoop baie van u het mnr. Dexter Wakefield se uitstekende artikel “*Onnatuurlike Rampe*” in die November-Desember 2012-uitgawe van hierdie tydskrif gelees. Hy het in detail verduidelik hoe Satan besig is om so baie van die populêre media te lei om ontsettende groot rampe, invallers van die buitense ruim en eindtydse “Armageddon”-tipe oorloë uit te beeld – dit is so realisties, dat wanneer die ontsagwekkende geprofeteerde gebeure *wel werklik plaasvind*, dit vir miljoene verwarde mense soos “*déjà vu*” sal lyk. Hulle sou tog alreeds – op televisie of in die fliëks – soortgelyke gebeure “gesien het”, soveel so dat die *ware Jakob* minder betekenis en impak sal hê. Nog belangriker, 'n verkeerde begrip van hierdie gebeure sou *alreeds* in die denke van daardie misleide mense geplant wees.

Satan is die slimste en magtigste **bedrieër** in

die ganse heela! Die Ewige God is die Skepper en Opperheerser van die hemel en aarde – wat beslis die weer insluit! My vriende, God verkondig in die Bybel, Sy geïnspireerde openbaring aan die mensdom, dat Hy *direk sal ingryp* in weerpatrone en mense sal *seën* wat gehoorsaam is aan Sy wil. Daardie mense wat in opstand is teen Sy wil, sal *verneder* en *gestraf* word. Ons hemelse Vader doen dit in liefde om die nodige tug uit te oefen wanneer dit nodig is – individueel of gesamentlik.

God het aan Sy volk Israel gesê: “As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee” (Levitikus 26:3-4). God waarsku dan ook: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; ... En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie” (verse 14, 19-20).

Verskriklike *droogte* en *hongersnood* sou dus volg as Israel ongehoorsaam bly!

Later het die Almagtige God Koning Salomo van ouds geïnspireer ten tye van die inwyding van die tempel, toe hy – uiteraard onder God se inspirasie – gebid het: “As die

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – Wat is regtig agter “klimaatsverandering”?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Groot “opstand” net om die draai! 3

Die Bybel waarsku van ’n tyd, aan die einde van hierdie huidige tydperk, wanneer byna die hele wêreld verenig sal word in opstand teen God self! Wat sal u doen wanneer daardie tyd aanbreek?

#### Die geheimsinnige merk van die dier 8

Wat is dit? Wie sal dit ontvang? Hoe kan u dit vermy? Dit hoef nie ’n raaisel te wees nie!

#### Môre se Jeug 13

Oorweeg die gevolge.

#### Bid daaroor! 15

Het u probleme wat u skynbaar nie kan oorkom nie? Voel u alleen in u stryd? Moenie die krag van gebed wat u lewe kan verbeter verwaarloos nie!

#### Nie vra nie? 20

Is dit realisties om te hoop vir ’n wêreld van vrede, vryheid en welvaart?

#### Waak en waarsku 21

Glo u “die leuen”?

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde 23

#### Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

John Robinson

### Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

### Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

### Strekskantore

#### VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Groot “opstand” net om die draai!

Deur Roderick C. Meredith

*Die Bybel waarsku van 'n tyd, aan die einde van hierdie huidige tydperk, wanneer byna die hele wêreld verenig sal word in opstand teen God self! Wat sal u doen wanneer daardie tyd aanbreek?*

'n Ongekende wêreldwye verwerping van God Self – Sy hele lewenswyse – is *net om die draai!* *Luister!* Dit is **nie** 'n klein “godsdienstige” sakie nie. Soos u sal sien, sal dit 'n werklike **massiewe** verwerping van die God van die skepping wees. Dit sal regoor die wêreld plaasvind en *miljarde* mense betrek. Baie *duisende* sal vervolgd of **gemartel** word vir verset teen hierdie mag!

Ek en my kollegas het in diepte die werklike **gevaar** wat hierdie laaste opstand sal inhou, bespreek. Ons wil al ons intekenare op die *Wêreld van Môre*, **waarsku** teen 'n baie kragtige beweging wat besig is om *u lewens* te beïnvloed! Indien u werklik geloof in die Bybel het, behoort u te begin om gebeure in die wêreld baie meer noukeurig dop te hou as die meeste mense – want, *op hierdie oomblik*, is verskeie fases van **eindtydse** profesieë besig om saam te kom. Die “hoofstroom” kerke van hierdie wêreld het feitlik **geen** werklike begrip van hierdie **enorme** gebeure wat binnekort gaan plaasvind nie!

*Dink!*

Is u en *u geliefdes* verstandelik, emosioneel en geestelik voorbereid om gedreig en moontlik selfs fisies bedreig te word deur 'n ongekende wêreldwye **opstand**? Hierdie

geprofeteerde opstand sal feitlik elke greintjie oorblyfsel van “Christelikheid” verwerp en sal dan 'n “terugkeer na godsdiens” aanspoor met die werklike aanbidding van 'n magtige en geheimsinnige figuur wat homself sal aankondig as die “god” van 'n godsdiens-stelsel wat die hele wêreld sal mislei. Is u gereed? Is u begrip van die Bybel standvastig, akkuraat en waar? Is u persoonlike **geloof** in God en Sy geïnspireerde Woord stewig – of “wankel” dit? *Hoe* sal u en u gesin **reageer** wanneer 'n magtige en charismatiese godsdienstige figuur letterlik **vuur** uit die hemel laat neerdaal? *Hoe* sal u reageer wanneer massas van die mensdom klaarmaak om teen die terugkerende Jesus Christus en Sy leërs uit die hemel te veg – vir wie hulle selfs mag afmaak as “ruimtesesens” wat kom om die mensdom te vernietig?

## Wat u Bybel duidelik voorspel

Die meeste studente van Bybelprofesie, verstaan dat die Bybel duidelik 'n **eindtydse** herlewering van die Heilige Romeinse Ryk voorspel. In Openbaring 17:11, beskryf God se Woord die finale “Dier” of super-diktator wat binne 'n paar jaar hoof sal wees van die hele Romeinse stelsel. Gedurende

daardie tyd word dit beskryf dat tien “koning” of leiers van nasies vir slegs een “uur” saam met die dier sal regeer (vers 12). Die profesie gaan voort: “Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier” (vers 13). Tydens die Tweede Wêreldoorlog was Adolf Hitler – wat 'n voorloper was van hierdie laaste diktator – nie in staat om die ander leiers van Europa met mooipraatjies of druk te oorreed om hulle aan hom te onderwerp nie. Intendeel, Adolf Hitler se magtige leer het oor die grootste deel van Europa gespoel en daardie nasies militêr verower. Hierdie keer sal dit egter deur politieke en moontlik selfs **finansiële** druk wees, dat die leiers van die Europese nasies – voorheen deel van die Romeinse Ryk – hulle mag en gesag sal “gee” aan hierdie “Dier” wat in die nabye toekoms sal kom.

*Hoekom?*

Omdat ons sogenaamde “Westerse” wêreld die ware God – die God van die Bybel – oor die laaste paar dekades byna geheel en al **versaak** het. *Dit* is waarom die werklik **skokkende** gebeure wat in vers 14 beskryf word, hoegenaamd kon plaasvind. Teen daardie tyd sal al hierdie nasies so ver **gedistansieer** wees van die ware God, dat hulle uiteindelik letterlik teen Jesus

Christus met Sy wederkoms sal **veg!** "Hulle sal teen die Lam **oorlog voer**, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou" (vers 14).

"Hoe is dit moontlik dat dit kan gebeur?" mag u vra. Dit is omdat u Bybel ook baie duidelik 'n naderende **massiewe** misleiding van hierdie wêreld se bevolking voorspel! Dit sal *baie verder strek* as **enigiets** wat u al ooit gesien het! As ons teruggaan na Openbaring 13, vind ons dat hierdie komende politieke/militêre leier genaamd die "Dier" duidelik beskryf word. Die "dodelike wond" wat met die val van die Romeinse Ryk in 476 n.C. toegedien is, is "genees" toe Justinianus die Ryk in 554 n.C. herstel het (Openbaring 13:3). Die Romeinse militêre mag het beide vrees en respek afgedwing gedurende die Donker Eeue en die *ware* heiliges van God is dikwels vervolg of doodgemaak deur daardie moontheid (verse 4-10).

In vers 11 word 'n "ander dier" uitgebeeld wat soos Christus ("*soos 'n lam*") lyk, maar sy boodskap is soos dié van 'n "draak", Satan die duiwel (sien Openbaring 12:9)! God sê aan ons hierdie tweede diersal "selfs **vuur** uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense" (Openbaring 13:13). Deur middel van hierdie soort "wonderwerke" sal die valse profeet die bewoners van die aarde **verlei [mislei]**, deur die

**tekens** wat aan hom gegee is om te doen (vers 14). Sal u mislei word?

Ja, u Bybel voorspel duidelik dat 'n magtige godsdienstige leier "selfs vuur uit die hemel [sal] laat neerdaal voor die oë van die mense". Dinge soos hierdie gaan die mense skok tot 'n bewustheid dat die geesteswêreld wat die Bybel beskryf, *baie werklik* is! Indien u glo dat God Almagtig die talle profesieë oor hierdie toekomstige tyd van godsdienstige en politieke omwenteling geïnspireer het, dan behoort u vurig u Skepper te vra vir werklike **begrip**.

Die Bybel beskryf ook hierdie toekomstige tyd in 2 Thessalonicense 2:1-12. *Bestudeer* asseblief deeglik wat die apostel Paulus geïnspireer was om aan ons te sê. Nadat hy God se mense gewaarsku het om nie te aanvaar dat Christus alreeds teruggekeer het nie, sê Paulus: "Laat niemand julle op enige manier mislei nie [asof die dag van Christus se wederkoms al daar is], want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (verse 3-4). Ja, die apostel Paulus maak dit duidelik dat **twee uiters belangrike gebeure** van wêreldwye betekenis eers sal moet plaasvind **net voor** Jesus Christus se wederkoms om die

mensdom te red van totale uitwissing.

### 'n Ongekende OPSTAND

Alhoewel die *Ou* en *Nuwe Vertalings* van die Bybel, die terme "afval" en "afvalligheid" in bogenoemde gedeelte gebruik, vertaal **baie**, baie gerespekteerde vertalers hierdie frase as "die **opstand**" of "**groot opstand**". In *Die Lewende Bybel* lees ons: "Julle moet julle nie laat mislei nie, op watter manier ook al. Want daar is iets anders wat nog eers moet gebeur. Daar moet 'n **groot opstand** teen God wees en daar moet 'n man kom wat die groot rebel teen God sal wees – 'n man van die hel. Hy sal in **opstand** kom teen alle godsdiens en aanbidding en homself belangriker as dit alles maak. Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en sê dat hy God is" (2 Thessalonicense 2:3-4). In die *Nuwe Lewende Vertaling* lees ons: "Laat niemand julle op enige manier mislei nie. Die Dag van die Here sal nie aanbreek voordat die **opstand** eers gekom en die **wettelose mens**, die mens wat vernietiging bring, na vore getree het nie. Hy sal hom verset teen alles wat god genoem word en hom verhef bo alles wat 'n voorwerp van aanbidding is. Sy doel is om in die tempel van God te gaan sit en voor te gee dat hy self God is".

Namate Amerika en die sogenaamde Christelike wêreld hul toenemend distansieer van die God van die Bybel en miljoene jong mense – selfs kerkgaande jeug – openlik in



ontug leef en terwyl 40% van alle babas in die VSA vir **ongehude** moeders gebore word en die instelling van die huwelik nou aangeval word en belydende “Christelike” leiers probeer om aan ons te vertel dat “dieselfde-geslag” huwelike heeltemal in orde is, kan ons begin besef dat feitlik **elke** enkele oorblyfsel van ware Bybelse Christelikheid **in die spervuur** is. Dit sal voortgaan om op te bou tot 'n **massiewe** opstand teen die God van die Bybel, die Skepper-God!

Namate hierdie verskriklike tendens voortduur sal 'n baie slinkse Satan die duiwel misbruik maak van die situasie deur 'n valse godsdienstige “verlosser” daar te stel. Dit sal 'n magtige leier wees wat die mensdom heeltemal sal betower deur ontsagwekkende **wonderwerke** wat hy toegelaat sal word om uit te voer. Die apostel Paulus se geïnspireerde profesie gaan voort: “... dán sal die **wettelose** op die toneel verskyn. Hy sal egter deur die asem uit die Here Jesus se mond doodgemaak en deur die glans van Sy koms vernietig word. Die Satan sal dit bewerk dat die wettelose mens se koms gepaardgaan met groot magsvertoon en tekens en vals wonderwerke” (2 Thessalonicense 2:8-9 NLV). Kyk na die **tydsberekening** van die “wettelose” mens (NLV), en sy verskyning en hierdie massiewe **opstand** teen ons Skepper! God se Woord sê spesifiek dat Christus hierdie goddelose mens sal vernietig “deur die verskyning van Sy wederkoms”!

Dit kon dus **nie** verwys het na **enige wegval** of **afvalligheid** wat 20, 50 of 2,000 jaar gelede plaasgevind het nie! Hierdie gebeure lei dan tot die wederkoms van Christus!

As gevolg van die buitengewone wonderwerke, sal hierdie charismatiese godsdiensteier “... in die tempel van God **as God** ... sit en voorgee dat hy **God is**” (vers 4). Tog word hy genoem die “**wettelose mens**” en die hele godsdienstelsel waarvan hy die hoof is word “die **wetteloosheid**” genoem (vers 7 NLV).

Wetteloosheid? Praat Paulus hier slegs van plaaslike verordeninge of verkeerswette? Natuurlik nie! Die hele Nuwe Testament toon dan tog dat diegene wat bereid is om werklik te **glo** wat duidelik daarin geskryf staan, verstaan dat 'n **ware** “heilige” van God soos volg gedefinieer word: “Hier kom die lydszaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die **gebooie** van God en die geloof in Jesus **bewaar**” (Openbaring 14:12). Vroeër het Jesus aan die jong man wat gekom het om te vra na die weg van die ewige lewe, gesê: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, **onderhou die gebooie**” (Mattheüs 19:17). Jesus noem toe sommige van die Tien Gebooie.

Jare ná Christus se dood en opstanding, skryf die geliefde apostel Johannes: “Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie” (1 Johannes 2:4). Om dus die ware God te **ken** – die God van die

Bybel – moet 'n mens werklik die Tien Gebooie **gehoorsaam**. Dit is nie so dat **God se wet** “aan die kruis gespyker” is nie – Christus se offer laat eerder toe dat die sondes van bekeerde Christene **vergewe** kan word. 'n Waarlik bekeerde Christen behoort homself eerder te **onderwerp** om die ware Christus van die Bybel in hom te laat **leef** deur die Heilige Gees. Soos die apostel Paulus skryf: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God, wat my liefgehad het, en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).

Die “verborgenheid van die ongeregtigheid” beskryf dus 'n hele godsdienstelsel wat Jesus se leerstelling dat ons die gebooie moet **onderhou** verwerp. Dit is vervang met 'n emosionele geloof in die **persoon** van “Christus” – in werklikheid eintlik 'n **vals** Christus wat die stelsel se leiers self uitgedink het. Die komende “wettelose mens” (2 Thessalonicense 2:9 NLV) sal gebruik maak van bonatuurlike **wonderwerke** en waarlik duiwelagtige metodes om die **grootste deel van die hele wêreld** te laat wegdraai van die ware God en sal *homself* “in die tempel van God **as God**” voorgee (vers 4). Die meeste mense sal in opstand kom teen die ware Jesus Christus van die Bybel en sal eerder trou sweer aan 'n sataniese vervalsing wat 'n bespotting maak van wat verkondig word en eintlik

leerstellings is wat heeltemal in teenstelling is met die ware leerstellings van Jesus Christus.

Die *Expositor's Bible Commentary* verduidelik (vry vertaal): “Die man van wetteloosheid sal die heilige gebied beset ten einde aanbidding, wat God alleen toekom, te ontvang en selfs te vereis. Dit is uiteraard 'n Joodse tempel wat in die toekoms in Jerusalem herbou sal word. Afhanklikheid van hierdie woorde van Daniël 9:26, 27; 11:31, 36, 37; 12:11 (vgl. Mattheüs 24:5 en Markus 13:14) vereis so 'n verwysing” (bl. 322).

### Watwou!

Kan ons begin om ons in te dink in die werklik skokkende en ontsagwekkende gebeure wat oor hierdie wêreld sal kom binne die volgende 10 tot 15 jaar? Ek wil nou graag aan almal van u 'n moontlike scenario gee van **hoe** hierdie verstommende gebeure kan ontwikkel. Jesus Christus beveel Sy ware volgelinge om hierdie **eindtydse** gebeure **dop te hou** en te “bid” (Lukas 21:36). Hier is wat u moet “dophou” oor die volgende paar jaar. Toekomstige gebeure, wat ek nou sal beskryf, sal heel moontlik in drie fases ontwikkel.

### Drie fases van opstand

In die *eerste fase* sal ons sien dat hierdie massiewe wêreldwye **opstand** teen die Skepper voortgaan om toe te neem en uit te brei terwyl ons getuies sal wees van die toenemende verwerping van die Bybel en van feitlik *alle* vorige begrippe van godsdienstige

waarhede regdeur die grootste deel van die Westerse wêreld. Ons sal al hoe meer homoseksuele bedrywighede sien en die verheerliking van seksuele verhoudings, eerder as die tradisionele huwelik. Ons sal meer vrouens sien wat hul ongeboore babas vermoor, meer jong mense, sowel as ander ook, wat in ontug lewe en elke voorheen aanvaarde beginsel van ordentlikheid *verontagsaam* in hulle optrede – ons sal die versnelde ineenstorting sien van al die norme van 'n ordentlike samelewing.

**Dan** sal daar egter 'n sterk **reaksie** wees teen moderne Westerse wêreldtendense, namate mense begin bang word wanneer hulle die verbroekeling van die samelewing sien, asook die toenemende groei van militante Islam en ander godsdienstige bewegings wat begin om na vore te kom namate die voormalige “Christelike” invloed oor die Westerse wêreld afneem. Dit is deurslaggewend dat, op 'n sekere stadium, 'n kragtige godsdienstige leier – in u Bybel beskryf as die “valse profeet” – na vore sal tree en vinnig sal begin om verstommende **wonderwerke** te verrig wat nie wetenskaplik verklaar sal kan word nie. Hy en die godsdienstige stelsel waaraan hy verbonde is, sal begin beheer neem oor **alle** godsdienste in die Westerse wêreld. Hierdie man sal 'n sterk invloed uitoefen en saamwerk met 'n sterk politieke leier – die “Dier” – soos duidelik in Openbaring 13 beskryf word. Die apostel Johannes is

geïnspireer om ons te vertel van hierdie valse profeet wat soos 'n “lam” lyk: “Hy oefen al die gesag van die eerste dier [die Romeinse Ryk] namens hom uit. Hy maak dat die aarde en die bewoners daarvan die eerste dier aanbid, dié een waarvan die dodelike wond genees het” (vers 12).

Openbaring 18 maak dit duidelik, dat hierdie hele stelsel “Babilon” genoem word. In die *tweede fase*, namate hierdie twee individue – die “Dier” en die “valse profeet” – se mag toeneem, sal hierdie stelsel feitlik **alle** handel en besigheidsbedrywighede van die hele wêreld oorneem en beheer daarvoor uitoefen! Hulle sal die “merk van die dier” afdwing op almal wat in vrede wil leef binne hul stelsel. Slegs diegene met die merk van die dier sal toegelaat word om deel te neem aan koop en verkoop. “En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het” (Openbaring 13:16-17). Wat is daardie merk? Om meer hieroor te leer, lees gerus “Die geheimsinnige merk van die dier” elders in hierdie uitgawe.

Hierdie magtige godsdienspolitieke kombinasie sal nie vir ewig duur nie. Wanneer God hierdie moderne “Babilon” tot 'n val bring, sal “... die handelaars van die aarde ... ween en rou

bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie” (Openbaring 18:11). God se Woord beskryf die industriële reuse, die groot handelaars en die skeeps-eienaars van die aarde wat in *absolute ontsteltenis* sal wees wanneer hierdie stelsel in duie stort: “Wee, wee die groot stad ... omdat in **een uur** soveel rykdom verwoes is!” (vers 16). “En hulle het stof op hul hoofde gegooi en onder geweën en weeklag uitgeroep en gesê: Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het; want dit is in een uur verwoes!” (vers 19), dan ook weer: “... want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is **al** die nasies **verlei [mislei]**. En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van **almal** wat op die aarde gedood is” (verse 23-24).

Dit behoort nou vir ons almal duidelik te wees dat dit beslis **nie** somer net 'n **klein** afvalligheid van een of ander kerk of spesifieke godsdiens is nie! Dit is eerder 'n massiewe **oorname** van die **grootste deel van die wêreld** deur twee individue onder die invloed van en deur die mag van Satan die duiwel! Om eerlik te wees, hierdie twee individue sal so magtig en invloedryk wees dat *duisende* “hoofstroom” predikante by hulle sal aansluit en hul kuddes met hulle sal saamneem. Hulle sal **mislei** wees deur die grootste misleiding in die wêreld se hele geskiedenis! Sal *u* daarmee saamgaan? Of sal u begin om

werklik hierdie profesieë te *bestudeer*, God **begrip** te vra en die geloof en moed hê om u Skepperte **gehoorsaam**?

In die *derde fase* sal ons die finale uitslag van hierdie skokkende opstand sien! Tydens die hoogtepunt van hulle mag, terwyl hulle deur Satan die duiwel beïnvloed of self moontlik beset is en letterlik **gevul** is met ydelheid, sal die leiers van hierdie komende stelsel direk **veg** teen Jesus Christus met Sy wederkoms! “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (Openbaring 17:14).

Johannes is later geïnspireer om ons in te lig: “En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit [Jesus Christus], en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand” (Openbaring 19:19-20).

Daar gaan dus 'n tyd kom wanneer u sal sien hoe baie van u vriende en geliefdes besluit om vervolging en selfs marteling vry te spring deur **saam te gaan** met hierdie stelsel, namate dit magtiger word. Die **einde** van die leiers van hierdie stelsel

word **egter** baie duidelik gestel: Die **poel van vuur!** Hul volgelinge “is **gedood** met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit” (vers 21).

Aan die einde van hierdie tydperk, sal die *oorgrote meerderheid* mense **mislei** wees en gelei word in 'n ongekende **opstand** teen die ware Skepper. Daar sal egter 'n “klein kuddetjie” (Lukas 12:32) wees wat die ware leerstellings van Christus en Sy oorspronklike Apostels sal volg. Sommige in hierdie klein kuddetjie van gebod-onderhoudende Christene sal beskerm word in 'n plek van veiligheid, sal die marteling gespaar word wat van ander vereis sal word. Hulle is die Christene wat uitgebeeld word as die Kerk in Philadelphia, aan wie Christus sê: “Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel” (Openbaring 3:10). Aan hierdie Christene gee God die belofte: “... maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou [die Kerk] gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd” (Openbaring 12:14). Hierdie heel getrouste groep Christene sal vir drie-en-'n-half jaar op die aarde beskerm word, terwyl verskriklike vervolging voortduur.

# Die geheimsinnige merk van die dier

Deur Rod McNair

*Die boek van Openbaring beskryf 'n geheimsinnige "merk" wat die navolgers van 'n valse Jesus Christus sal identifiseer. Sal u die merk aanneem? Het u reeds? Wat is dit?*

Wat is die geprofeteerde "merk van die dier" waarna verwys word in u Bybel? Is dit 'n mikroskopiese wat onder mens se vel ingeplant sal word? Sal dit 'n papier-dun "data-tattoo" wat op mense se voorkoppe aangebring sal word? Is dit vir die burgers van Amerika hul Maatskaplike veiligheidsnommer? Is dit 'n opsporingstoestel, of 'n gedagte-beherende inplanting? Daar is volop teorieë oor wat hierdie onheilspellende merk sal wees.

Dit is die volgende verse wat baie mense laat sidder: "En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het" (Openbaring 13:16-17).

Die Skrif waarsku dat hierdie dier, wie se volgelingen uitgeken word aan 'n geheimsinnige "merk", in samewerking met 'n magtige militêre en politieke stelsel, groot "wonderwerke" sal verrig om die mensdom te mislei. Daardie magtige stelsel sal uitgeken word aan die geheimsinnige getal "666" (Openbaring 13:18). Enigeen wat die dier se merk aanvaar, sal God uittart! Die apostel Johannes skryf dat

diegene met die merk sal: "... self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn" (Openbaring 14:9-10). Ons behoort sekerlik daardie waarskuwing ernstig op te neem!

Wat is dus hierdie merk? Hoe sal dit u en u gesin raak? Namate ons op koers is na hierdie moeilike dae aan die einde van hierdie huidige tydperk, *is dit lewensbelangrike vrae!*

## 'n Valse kerk met antieke wortels

'n Godsdienststelsel genaamd, "Verborgeneheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" word in die Skrif beskryf (Openbaring 17:5). Hierdie stelsel het sy wortels in die antieke Babiloniese verborgenheidsgodsdienst. Dit word beskryf as 'n gevalle vrou – 'n afvallige kerk – dit is in direkte opposisie met God. Die Skrif beskryf hierdie stelsel as sou dit groot politieke invloed uitoefen op die wêreld se leiers, deur gunste te ontvang en uit te deel (verse 1-2).

Johannes identifiseer verder die Babiloniese verborgenheid as 'n baie ryk en welvarende kerk, "versierd met goud en kosbare stene en pêrels en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol

van gruwels en die onreinheid van haar hoerery" (Openbaring 17:4). Jesus Christus waarsku Sy volk ernstig om hierdie kerk te verlaat en te vermy: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaes ontvang nie" (Openbaring 18:4).

Waarom sou enige kerk egter vandag so 'n antieke naam soos "Verborgeneheid, die groot Babilon", genoem word? Dit is omdat daardie kerk *leerstellings* het wat direk afkomstig is uit die antieke Babiloniese verborgenheid, wat die voorlopers is van baie van die wêreld se heidense praktyke (*The Worship of the Dead*, Kol. J. Garnier, 1909, bl. 8). Wat was een van die sleutelkomponente van hierdie antieke heidense gelowe? *Sonaanbidding*.

## 'n Geskiedenis van sonaanbidding

In die dae van die antieke Israeliete was sonaanbidding "wyd verspreid in die lande aangrensend aan Palestina" (*Sun, Worship of*, *Unger's Bible Dictionary*, bl. 1049). God het die Hebreërs uitdruklik gewaarsku teen hierdie vorm van afgodery, wetende dat dit 'n *sterk versoeking* vir hulle sou wees: "Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele ... dat jy ook



jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die **son** sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, **jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie**” (Deuteronomium 4:15, 19). God is 'n onsigbare Gees (Johannes 4:24). Hy het die son gemaak om fisiese lig en hitte te verskaf aan die aarde en sy bewoners, nie om aanbid te word nie! God moet aanbid word, nie Sy skepping nie (Romeine 1:25)!

Tog, ten spyte van duidelike waarskuwings, het die Israeliete in afvalligheid en sonaanbidding verval. Die profeet Esegïël het hierdie vreesaanjaende gesig gesien in 'n bonatuurlike visioen van God: “Toe bring Hy my na die binneste voorhof van die huis van die HERE; en kyk, by die ingang van die tempel van die HERE, tussen die voorportaal en die altaar, **was omtrent vyf-en-twintig man, met hulle rug na die tempel van die HERE en hulle gesig na die ooste, en hulle het hul voor die son neergebuig na die ooste**” (Esegïël 8:16). Die 24 spanne van God se priesters, plus die hoëpriester, was besig om te “buig in die rigting van die opkomende son” in die ooste. Het God dit as 'n nietige saak beskou? Beslis nie – Hy sê in die volgende vers dat hierdie en ander gruwels Sy woede opwek! Wat is die les vir ons vandag? Sal God tevrede wees met ons as ons voortgaan met hierdie gruwelike praktyke? Natuurlik nie!

Deur elke geslag heen moes God se volk veg teen kom-

promie met God se waarheid. Dit is vandag steeds waar, net soos in die tyd van Esegïël. Weeg u oortuigings dus regtig op teen God se opdragte? Die apostel Paulus beveel Christene: “Beproof alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21). Indien ons bely dat ons volgelingen van Christus is, moet ons Sy gebooie gehoorsaam! Ons kan nie net die tradisies en idees van mense navolg nie. Vra uself dus: Waar het u u geloofsoortuigings gekry?

### Die kultus van die son in die Christelike era

Die oorsprong van baie moderne godsdienstige tradisies kan teruggevoer word na antieke Babilon. Die ou Babiloniese songod was Shamash genoem. In die Romeinse tyd was hy bekend onder sy Persiese naam, Mithra. Die kultus van Mithra het meer prominent geword in die Romeinse Ryk rondom die tyd van Christus. Skrywer Samuel Dill merk op: “Van al die oosterse godsdienste wat die aanhang van die Weste in die laaste drie eeue van die Ryk gehad het, was dié van Mithra die sterkste” (*Roman Society*, bl. 585). Geleerdes het opgemerk hoe nou die storie van die god Mithra blyk om ooreen te stem met die storie van Jesus. Kyk na 'n paar voorbeelde: Mithra sou 'n “koning en 'n herder” wees, net soos Christus. Hy sou lewe gee en siekes genees en selfs die dooies opwek. Hy sou die bande van gevangenes losmaak, asook 'n einde maak aan

goddeloosheid en sy vyande vernietig (*Religion of Babylonia and Assyria*, bl. 71-72).

Mithraïsme het oënskynlik baie ooreenkomste met die Christendom. Tog, dit was gegrond op sonaanbidding – wat God 'n *gruwel noem!* Hoe kan dit wees? Die antwoord is dat daar 'n groot bedrieër is, Satan die duivel, wat “in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” en “die hele wêreld verlei” [mislei] (Efesiërs 2:2; Openbaring 12:9). Sy meesterskuif was om 'n *vervalste Christendom* te skep wat oënskynlik baie ooreenkomste sou hê met God se ware godsdienste, maar wat nogtans kenmerkend sou wees van die heidendom (vir meer inligting oor hierdie onderwerp, vra gerus 'n kopie aan van ons gratis boekie, *Satan se Vervalste Christendom*).

Verregaande? Vra uself af: Wat is die beste manier vir 'n kulkunstenaar om niks-vermoedende slagoffers te mislei – deur sy produk so te maak dat dit drasties verskil van die werklike artikel, of om iets te maak wat in baie opsigte byna net soos die ware Jakob lyk? Dit is presies wat Satan die duivel gedoen het. Hy het probeer om die verskil tussen heidense aanbidding en ware Christelikheid te verdoesel.

Mithra was 'n “god van lig” en is aanbid deur eer te betoon aan die bron van lig – die son. Jesus Christus het Homself “die lig van die wêreld” genoem (Johannes 8:12). Hy sê: “Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die

duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê” (ibid.). Jesus Christus as “Die waargtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld” (Johannes 1:9). Tog het Jesus *nie* Sy dissipels geleer om Hom te aanbid deur die son te vereer nie!

Sommige mense probeer om 'n vermenging van sonaanbidding en die ware godsdiens te regverdig, deur te sê dat Christus geprofeteer was om die “son van redding” te wees en dat daar “genesing in sy strale” sal wees (Maleagi 4:2 NV). Ware aanbidders van God besef dat die “lig” van Christus geestelike *waarheid* is. Die “duisternis” waarvan Christus praat is geestelike dwaling en misleiding.

Is u godsdiens dus “gekenmerk” deur gehoorsaamheid aan God se opdragte om die Skepper te aanbid, nie die skepping nie? Klou dit dalk nog steeds vas aan die antieke tradisies wat God duisende jare gelede al “gruwels” genoem het?

### “Christelike” sonaanbidding?

Baie belydende Christene aanvaar net eenvoudig dat hulle tradisie om op Sondag te aanbid, uit die Bybel kom. Nogtans beveel die Bybel duidelik onderhouding van die sewende-dag Sabbat aan, nie van die eerste dag van die week nie! Daniël het voorspel 'n ketterse godsdienstige moondheid sal “die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te

**verander**” (Daniël 7:25). Skokkend, tog is dit presies wat gebeur het tydens die vroeëre jare van die Nuwe-Testamentiese Kerk, toe leiers hul Sabbat-onderhouding verskuif het na Sondag.

Geleerdes – selfs die mees gerespekteerde Sondag-onderhouders – erken dat die Nuwe Testament nie 'n Sondag “Sabbat” magtig nie – **“Ons vind nie die geringste spoor van 'n wet of 'n apostoliese edik wat die onderhouding van die 'dag van die Here' instel nie;** nog minder is daar in die Skrif enige aanduiding van 'n vervanging hiervan vir die Joodse Sabbat” (*Unger's Bible Dictionary*, “Sunday”, bl. 1050). Geen skriftuurlike of apostoliese gesag beveel die Nuwe-Testamentiese Kerk om sy dag van aanbidding te verskuif na Sondag nie!

Indien die Skrif nie Sondag-aanbidding beveel het nie, hoekom is dit die gebruik van honderde miljoene belydende Christene vandag? Kan dit wees dat aanbidding van die “eerbiedwaardige dag van die son” deur middel van 'n groot bedrieër ingeglip het in die tradisies van niksvermoedende mense?

In die boek *Pagan Christianity*, wys skrywers George Barna en Frank Viola insiggewend daarop dat populêre Christelikheid vol is van baie onbybelse elemente. Hulle merk op dat Sondag-onderhouding tot stand gekom het as gevolg van 'n kompromie tussen Mithraïsme en die

Christendom soos wat dit versoek is deur die heidense keiser Konstantyn. Die skrywers skryf “dit was Konstantyn wat in 321 n.C. besluit het dat Sondag 'n dag van rus sou wees – 'n wetlike vakansiedag. Dit lyk of Konstantyn se voorneme om dit te doen, neerkom op verering van die god Mithras, die Onoorwonne Son ... Verdere bewyse van Konstantyn se aangetrokkenheid tot sonaanbidding is opgrawings van Sint Petrus in Rome wat 'n mosaïek van **Christus as die Onoorwonne Son** ontbloom het” (bl. 18-19). Dus, as u Sondag onderhou, op wie se gesag doen u dit? *'n Polities-slinkse Romeinse keiser?*

In sy *Outline of History*, merk H.G. Wells op dat “dit blyk asof Christene Sondag daaruit [die Mithraïse kultus] oorge neem het as hul belangrikste dag van aanbidding, in plaas van die Joodse Sabbat” (bl. 543). *Unger's Bible Dictionary* stel dit só (vry vertaal): “Sondag is die eerste dag van die week en is deur die eerste Christene oorgeneem uit die Romeinse kalender (Latyn: *Dies Solis, Day of the Sun*), want dit was opgedra in aanbidding van die son” (“Sunday”, bl 1050).

Sommige mense aanvaar dat Johannes, in Openbaring 1:10, Sondag beskryf het as die “Here se dag”. In werklikheid is dit egter 'n verwysing na die visioene wat hy van die komende Dag van die Here – die profetiese jaar voor Christus se wederkoms – gesien het. Ont hou, die Sabbatonderhoudende

Jesus Christus het duidelik gesê dat Hy “Here is van die Sabbat” (Markus 2:28), dit beteken die sewende dag, nie die eerste nie!

Die Skrif toon dat die apostel Paulus die dissipels laat bymekaarkom het op die eerste dag van die week om 'n offergawe te bring (1 Korinthiërs 16:2). Daar is egter geen aanduiding dat hierdie dag van samekoms 'n dag van aanbidding was nie. Soek die Skrif deur en u sal nie 'n weeklikse Sabbatonderhouding op 'n Sondag vind nie. Ander mense regverdig hulle onderhouding van Sondag deur te verwys na die weergawe waar Paulus in Handeling 20:7-12 met die dissipels gepraat het “op die eerste dag van die week”. Noukeurige bestudering sal openbaar dat dit nie 'n aanbiddingsdiens was nie – dit was 'n vergadering met die dissipels, voordat hy op 'n reis vertrek het.

Die boek Handeling gee aan ons een van die duidelikste skriftuurlike verwysings na Christene wat die sewende-dag Sabbat onderhou het in apostoliese tye. Paulus het vir die Joodse gelowiges op die Sabbat, die sewende dag van die week, gepreek (Handeling 13:14). Baie het hom egter verwerp, toe draai hy na die heidene, wat hom gesmeek het om hulle ook te leer op “die volgende Sabbat” – wat hy toe ook gedoen het (verse 42-44)! Dit is 'n duidelike aanduiding dat die apostel Paulus *selfs nie onder die heidene* die Sabbat verwaarloos het nie; in

werklikheid het hy op die sewende-dag Sabbat aanbid en [die heidene] geleer en dus onderhouding daarvan ondersteun!

### Watter merk sal u aanneem?

Sommige mense sê dat dit nie saak maak hoe ons God aanbid nie, solank as wat ons dit net doen. Is dit egter wat God sê? Dit is duidelik dat Hy Sy mense beveel het om nie die manier van aanbidding van die volke rondom hulle aan te neem nie. (“Moenie die gewoontes van die heidennasies aanleer nie” Jeremia 10:2 NV), maar om eerder getrou en toegewyd te wees aan God se opdragte!

Hoofstroom Christendom het die kenmerke van antieke sonaanbidding. In teenstelling daarmee gee God ook **kenmerke** waarvolgens Hy Sy ware volgelingen identifiseer. Hy sê een van die “kenmerke” van Sy mense sal onderhouding van die sewende-dag Sabbat wees. God sê deur Esegïël toe Hy van die Israëliete gepraat het: “Daarby het **Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My** en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig” (Esegïël 20:12). In die komende dae van wraak en toorn, wat kan belangriker wees as om “geheilig” (apart geplaas) te wees vir spesiale beskerming deur God? Daardie belofte is vandag beskikbaar vir God se mense!

Die merk van die dier van Openbaring 13 is regtig glad geen geheim nie. Dit het te doen

met die hand en die voorkop – dade en geloof (Openbaring 13:16).

By wyse van spreke is een merk [of teken] van ware Christelikheid die sewende-dag Sabbat van die vierde gebod, wat behels om God te aanbid terwyl ons rus van ons werk (Eksodus 20:8-11; Levitikus 23:3). “Sondag”-wette wat onderhouding van die sewende-dag Sabbat verbied, sal sekerlik in die dae wat kom, 'n ernstige toets wees vir ware Sabbat-onderhoudende Christene. Sal hulle die “merk” van ongehoorsaamheid en sonaanbidding aanneem en hul God se toorn op die hals haal? Of sal hulle ??die mens se tradisies weerstaan en getrou bly aan die God van die Bybel – deur hul Saligmaker, Jesus Christus op alle maniere te gehoorsaam, ingeslote die onderhouding van die sewende-dag Sabbat – om God te behaag en die ewige lewe te verkry?

Wat van u? Sal u die toegewytheid aan die dag lê om God en Sy geboorte te gehoorsaam? Sal u die moed hê om op te staan ??vir die waarheid, maak nie saak wat u vriende of bure dink nie? Sal u 'n ware volgeling van Christus wees, bereid om alles prys te gee, indien nodig (Lukas 18:22)? Soms beteken daardie “alles” om ons vooropgestelde idees van wie God is en hoe om Hom te aanbid, prys te gee.

Ondersoek die Skrifte. Vind self uit. Verwerp die “merk” van ongehoorsaamheid aan God. Aanvaar Sy “merk” van gehoorsaamheid, ingeslote die

onderhouding van die sewende-dag Sabbat. Neem die besluit om gehoorsaam te wees aan Hom, *ongeag die gevolge*.

Nader tot God en Hy sal tot u nader (Jakobus 4:8)! Indien u God heldhaftig en gehoorsaam dien met u hele hart, kan u

verseker wees dat, wanneer Christus binnekort weer kom, u die **regte** merk sal hê! **WvM**

## Die Dier van Openbaring

*Waarheen lei wêreldgebeure? Gaan 'n wêrelddiktator binnekort sy verskyning maak?*

*Presies wie – of wat – is die DIER? Gaan u sy berugte MERK ontvang?*

*Die ongelooflike ANTWOORDE word hier gegee!*

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

## Ander tekens van Mithraïsme

Dit is nie net Sondag-aanbidding wat hoofstroom Christendom van Mithraïsme oorgeneem het nie. Ander tradisies is ook oorgeneem. Het u al ooit gewonder waar die datum vir Kersfees, 25 Desember, vandaan kom? Is daar enige bewys dat dit die geboortedag van Christus was? Absoluut nie! Jesus Christus is nie in Desember gebore nie, want herders het nie hulle vee in die veld gehou in die middel van die winter nie (*Clarke's Commentary*, Volume V, bl. 370). 25 Desember was egter vir die heidene 'n baie belangrike dag as die geboortedag van Mithra: "Die 25ste dag van Desember ... is gehou as die *Natalis invicti Solis*, 'Die geboortedag van die onoorwon-

ne Son" (*The Two Babylons*, Alexander Hislop, bl. 98).

Dink 'n bietjie! Indien u en u gesin Kersfees vier, watter god aanbid u? Beslis nie Jesus Christus nie! Hoe kan God enigiets te doen hê met 'n fees wat gehou word ter ere van die geboorte van 'n heidense songod?

Paasfees sonopkomsdienste is ook een van die kenmerke van die hoofstroom Christelike kalender. Baie opregte, belydende Christene probeer sekerlik om Jesus Christus te vereer deur dit te vier. Het Christus egter werklik teen sonop opgestaan? Die Skriftuurlike verslag toon dat die vroue op Sondag oggend na Sy graf gegaan het toe dit nog donker was, maar Hy het toe

alreeds opgestaan (Johannes 20:1)!

Waar het die gewoonte dus vandaan gekom om na die ooste toe te bid? Dink 'n bietjie na oor wat die historikus F.A. Regan te sê gehad het: "n Geskikte, enkele voorbeeld van die heidense invloed [op die belydende Christendom] kan verkry word uit 'n ondersoek na die Christelike gebruik om na die Ooste te draai, die land van die opkomende son, terwyl hulle gebid het ..." (*From Sabbath to Sunday*, dr. Samuele Bachiocchi, bl. 256). Dit is duidelik dat die tekens van antieke sonaanbidding oral te vinde is in die tradisies wat in die hoofstroom Christendom ontwikkel het! **WvM**



# Môre se Jeug

## Oorweeg die gevolge

Deur Sheldon Monson

Ons vind in die eerste vier verse van die boek Spreuke, Salomo se doel met die skryf van die boek, "Die spreuke van Salomo, die seun van Dawid, die koning van Israel, om wysheid en tug te ken, om woorde van insig te verstaan, om aan te neem tug wat verstandig maak, geregtigheid en reg en regverdigheid; om aan die eenvoudiges skrandigheid te gee, aan die jongeling kennis en oorleg" (Spreuke 1:1-4).

Alhoewel enige een uit die lesse wat in hierdie boek vervat is kan leer, spreek Salomo herhaaldelik met jong mense. Dit is duidelik dat hierdie wyse koning die belangrikheid besef het van verantwoordelike gedrag wat in die huis aangeleer moet word, ter voorbereiding vir die tyd wanneer kinders grootword en die wêreld op hul eie moet aandurf. Dit is die rede waarom hy geskryf het: "Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie" of, soos die Nuwe Vertaling dit stel: "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie" (Spreuke 22:6).

### Seks en gevolge

Die hantering van seksuele drange is een van die grootste uitdagings waarvoor omtrent alle jong mense te staan kom.

Indien gefaal word om hierdie uitdaging suksesvol te hanteer, is dit ernstig, met verreikende en lewensveranderende gevolge. Ons weet dat as ons ons van ons sonde bekeer, God ons sal vergewe en ons skoon sal was van daardie sonde. Hy sal ons egter nie altyd vryskeld van die gevolge van ons dae nie.

Salomo se waarskuwings gee ons 'n geleentheid om die lesse wat hy geleer het te leer sonder om deur die fisiese, emosionele en geestelike pyn te gaan wat die gevolge is van oortreding van God se wet ten opsigte van seks buite die huwelik. Ons het 'n keuse, God waarsku ons oor die gevolge van die keuse van 'n sedelose pad: "My seun, luister na my wysheid, neig jou oor tot my insig, dat jy volle oorleg kan behou en jou lippe kennis kan bewaar; want die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie, maar op die end is sy bitter soos wilde-als, soos 'n swaard aan weerskante skerp. Haar voete daal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe. Dat sy die pad na die lewe nie sou inslaan nie, wankel haar gange sonder dat sy dit weet. Luister dan nou na my, julle seuns, en wyk nie af van die woorde van my mond nie. Hou jou weg ver van haar af, en kom nie naby die deur van haar huis nie" (Spreuke

5:1-8).

Let ook op wat sê Spreuke 6:23-28: "Want die gebod is 'n lamp en die onderwysing 'n lig en die teregwysing van die tug 'n weg tot die lewe, om jou te bewaar vir 'n slegte vrou, vir die gelei van 'n vreemde tong. Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie, en laat sy jou nie vang met haar ooglede nie; want vir 'n hoer verval 'n mens tot 'n stuk brood, en 'n ander se vrou maak jag op 'n kosbare lewe. Kan iemand vuur in sy skoot dra sonder dat sy klere verbrand? Of kan iemand op gloeiende kole loop sonder dat sy voete brandwonde kry?" Asook: "Hy wat owerspel pleeg, is sonder verstand; hy wat sy eie lewe wil verwoes, hy doen so iets; slae en skande sal hy kry, en sy smaad sal nie uitgewis word nie" (verse 32-33).

### Besluit voor die tyd

Van al die besluite wat jy as jongmens sal moet neem, kan dit die belangrikste een wees. Die keuses wat jy maak aangaande afsprake met die teenoorgestelde geslag, seks en die huwelik, beïnvloed nie slegs u alleen nie, maar ook almal rondom u. Dit is belangrik dat jy voor die tyd besluit met watter soort mense jy wil uitgaan en met watter nie. Besluit nou, op grond van God se wet wat jy sal en wat jy nie sal doen nie en hou

by die besluit! Die grootste vorm van beskerming teen swangerskap, siekte, hartseer, geestelike en emosionele littekens is om die grense wat God gestel het, te ken – om dan daarby te hou! Bly weg van seks buite die huwelik! Moenie swig voor druk nie, moet nie jou waardes kompromitteer nie! Moet nooit toelaat dat jy jousef in 'n situasie bevind waar jy in die versoeking kom om te sondig nie. As jy jousef egter in 'n situasie bevind waar jy mag ingee of nie, vlug! (1 Korintiërs 6:18).

Dit is wat Josef gedoen het. Let op: “En Josef was skoon van gestalte en mooi van aansien. Ná hierdie dinge het die vrou van sy heer haar oë na Josef opgeslaan en gesê: Kom hou gemeenskap met my. Maar hy het geweier en aan die vrou van sy heer gesê: Kyk ... my heer ... geen kennis ... van wat in die huis is nie; en alles wat syne is, het hy aan my oorgegee. Hy is in hierdie huis nie groter as ek nie en het my niks onthou nie behalwe u, omdat u sy vrou is; hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God? ... En nadat sy met Josef dag na dag gespreek het ... kom hy eendag in die huis om sy werk te doen terwyl niemand van die huisgenote binne was nie. Toe gryp sy hom aan sy kleed en sê: Kom hou gemeenskap met my. Maar hy het sy kleed in haar

hand laat agterbly en gevlug” (Genesis 39:6-13).

Dit is 'n feit dat die seksdrang van 'n jong, gesonde persoon sterk is. Dit is ook waar dat die menslike ras sal uitsterf as dit nie so was nie. Dit behoort egter net beoefen te word met die regte persoon, op die regte tyd, binne die grense van 'n huwelik. Seks buite die huwelik is sonde! Dit sal lei tot die vernietiging van die individu, die gesin, die gemeenskap en uiteindelik die hele nasie. Dit neem dissipline en karakter om die regte ding te doen, maar dit is die moeite werd.

#### Het jy geweet?

Indien jy 'n seksueel-aktiewe tiener is, het jy 'n een-in-vier kans om hierdie jaar 'n seksueel-oordraagbare siekte [SOS] op te doen. Indien jy dit skokkend vind, onthou dat die Sentrum vir Beheer en Voorkoming van Siektes berig dat die helfte van alle seksueel-aktiewe jong Amerikaners 'n seksueel-oordraagbare siekte sal opdoen teen die ouderdom van 25.

“In 1950 was daar twee bekende vorms van seksueel-oordraagbare siektes. Vandag is daar meer as 25. In die VSA alleen doen meer as drie miljoen tieners jaarliks 'n SOS op. Gegewe dat daar slegs sowat 28 miljoen tieners is, is dit 'n groot

groep! Die gevolge van hierdie seksueel-oordraagbare siektes is so lelik as wat hul name is, gonorree, sifilis, mensluise [crabs], vratte, sjankroïede, chlamydia, inflammatoriese bekken-siekte, menslike papilloomvirus, herpes ... SOS'e kan die oorsaak wees van servikale kanker, genitale vratte, steriliteit, onvrugbaarheid en dit kan siektes veroorsaak wat oorgedra kan word na ongebore en pasgebore babas. Dit is 'n bron van pyn en depressie en kan uiteindelik jou dood veroorsaak! Hoe jonger jy is, hoe meer vatbaar is jou liggaam om so iets op te doen, omdat tieners nog 'n laer vlak van teenliggaampies het om infeksie te beveg, as volwassenes” (*The Six Most Important Decisions You'll Ever Make*, Sean Covey, bl. 202).

Sommige SOS'e is ongeneeslik, ingesluit herpes, die menslike papilloomvirus asook VIGS! Oorweeg ook die emosionele impak van seks en die feit dat seksuele sedeloosheid gepaard gaan met skuldgevoelens en depressie.

Doen die regte ding! Handhaaf goddelike standaarde wat hierdie onderwerp van jou lewe aanbetref en word ryklik geseën deur dit te doen. Slaan ag op die advies wat deur die wyse koning Salomo gegee is en vermy die negatiewe gevolge wat aan jou weergegee is. **WvM**

---

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Bid daaroor!

Deur Richard F. Ames

*Het u probleme wat u skynbaar nie kan oorkom nie? Voel u alleen in u stryd? Moenie die krag van gebed wat u lewe kan verbeter verwaarloos nie!*

Watter soort probleme het u? Probleme met u gesondheid? U finansies? U werk? U familie en vriende? U geestelike en emosionele bestendigheid? Verskillende probleme verg dat ons verskillende stappe moet neem om dit op te los. Elke blywende oplossing het egter een gemeenskaplike stap, naamlik gebed.

Ja, ons behoort ons deel te doen. Die Skepper-God het egter **alle mag** in die heelal. Hy kan aan ons dramatiese bevryding gee en ons op wonderbaarlike maniere help!

Indien u God vra om u te help om u probleme op te los en u gebede te verhoor, wat verwag Hy van u? Die Bybel sê aan ons: “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek” (Hebreërs 11:6).

Indien u die Bybelse verhale lees van hoe God mense gehelp en verlos het van geweldige spanning en beproewings, sal u meer geloof verkry. Lees die verhaal van Daniël in die leeu kuil (Daniël 6); die verlossing van Sadrag, Mesag en Abednégo uit Nebukadnésar se vuuroond in Babilon (Daniël 3), die ontsnapping van die antieke Israëliete deur die Rooi See (Eksodus 14). Lees aangaande die wonderwerke wat gedoen is

deur Jesus van Nasaret – die Seun van God – toe Hy die siekes, blindes, lammes en dowes genees het (Mattheüs 9:18; Johannes 11). Lees van hoe Jesus die dooies uit die dood opgewek het! Dit sal help om aan u geloof en hoop te gee!

Die profeet Jeremia het aan die volk van antieke Juda, wat deur Nebukadnésar in ballingskap weggevoer is na Babel, hoop gegee. God het belowe om te reageer op hul nederige gebede nadat hulle hul lesse geleer het: “Want so sê die HERE: As eers sewentig jaar vir Babel verby is, sal Ek op julle ag gee en aan julle my goeie woord vervul om julle na hierdie plek terug te bring. Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart. En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE, en julle lot verander en julle versamel uit al die nasies en uit al die plekke waarheen Ek julle verdryf het, spreek die HERE; en Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggevoer het” (Jeremia 29:10-14).

Daardie selfde beginsel geld vir u! U kan 'n gesprek voer met

die Skepper van die Heelal! Hy sê dat u Hom kan vind, indien u Hom met u hele hart soek. U kan bid of met Hom praat en Hy sê: “Ek sal na jou luister!”

## Hoe moet ons bid?

Wat leer die Bybel ons oor hoe ons moet bid? Nadat Jesus Sy dissipels gekies het, het hulle Hom gevra om hulle te leer bid: “En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het” (Lukas 11:01).

Wat het Jesus hulle geleer? Hy het Sy dissipels 'n raamwerk gegee van onderwerpe waarvoor hulle met God kan praat. “En Hy sê vir hulle: Wanneer julle bid, sê: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons elke dag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat aan ons skuldig is; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose” (Lukas 11:2-4).

Christus se “modelgebed” wys ons dat die eerste belangrike aspek van ons gebed is erkenning van wie God is! Hy is ons Vader. Aangesien God u Vader is, wil Hy hê dat u uself sal sien as Sy seun of dogter, in u gebede die baie persoonlike en

intieme verhouding wat Hy met u wil deel, erken. U mag ook graag God wil erken as die Skepper, soos Koning Dawid so dikwels in sy gebede gedoen het, waarvan baie aangeteken is in die boek Psalms in u Bybel.

Indien u ooit voel dat u nie weet waarom om te bid nie, maak net u Bybel oop by die Psalms. Baie van die Psalms is die opregte gebede van Dawid. Hy was baie reguit, oop en eerlik met God oor sy gevoelens, sy vrese en sy probleme. Dawid het in verwondering gestaan by die aanskoue van die hemele en die uitgestrektheid van die Skepping. U kan dit sien in so baie van die Psalms, veral in Psalm 8, of Psalms 18, 19 en 24, om geïnspireer te word deur Dawid se voorbeeld.

### **Bid vir Sy Koninkryk en Sy Wil**

Wat is die volgende aspek wat Jesus uitwys waarom ons moet bid? “Laat u koninkryk kom” (Lukas 11:2). U mag Christus se voorbeeld wil volg deur te bid vir Sy Werk – dat die goeie nuus, die evangelie, verkondig sal word in die hele wêreld. Waarom is dit nodig vir Jesus Christus om terug te keer en te heers oor die hele aarde? Wanneer u u daaglikse koerant lees of luister na die nuus, uiter u dikwels dadelik 'n innige gebed vir God se Koninkryk om gou te kom? Die tragedie van oorlog, geweld, siekte, armoede en alle aspekte van menslike lyding maak dat ons smag na God se Koninkryk.

Ons gebede moet daardie verlange weerspieël. Die hele

wêreld het die Koninkryk van God nodig. Die wêreld moet heropgevoed word in goddelike waardes – die lewenswyse wat vreugde en vrede sal meebring. Dit is die weg van God se wet. In die Koninkryk van God, sal Christus aan die hele wêreld die ware lewensweg leer – wat onderhouding van die Tien Gebooie, soos Jesus hulle uiteengesit het, insluit. Daar is 'n weg van liefde wat die regte resultate oplewer. Elke nasie op aarde het daardie soort opvoeding nodig!

Vervolgens leer Jesus ons in die raamwerk-gebed die belangrikheid daarvan om God se wil na te streef en nie ons eie nie. Jesus leer ons om te bid: “... laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde” (Lukas 11:2). Dit is 'n uiters belangrike sleutel tot verhoorde gebede. Die mens is van nature uiters selfsugtig. Die wêreldse siening is een van hebsug en gierigheid. Ons het almal die “ontvang”-motief gehad en, moontlik het u dit nog! Baie mense wil net hulle eie begeertes bevredig sien. Hulle wil hul eie pad volg. Ons lees in Spreuke 14:12 en 16:25: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood”. God se manier, verduidelik deur Jesus van Nasaret se voorbeeld, is die manier van “gee”! Is dit die manier waarvolgens u bid? Bid u vir ander mense voordat u vir uself bid? Bid dat God se wil in u lewe sal geskied – Hy weet wat vir ons die beste is!

Die nag voor Sy kruisiging

toe Jesus in doodsangs gebid het, het Hy gevra dat die beker van lyding by Hom sal verbygaan – as dit God se wil is! Let op dat Jesus gebid het: “Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied! En 'n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val” (Lukas 22:42-44).

Jesus was bereid om vir u te ly! Hy het Sy wil onderwerp aan Sy Vader se wil! Wanneer u worstel met 'n probleem of beproewing, vra vir God se verlossing, maar bid ook dat Sy wil sal geskied. Is u bevrees dat dit te veel gevra is? Is u bang dat u nie die beproewing kan deurstaan nie? Let daarop dat God die Vader selfs Jesus Christus moes versterk om die offer wat Hy moes bring, te verduur.

### **Eis beloftes deur gebed**

God maak ook Sy wil aan ons bekend in die duisende beloftes wat Hy in die Bybel aan ons gee. U kan daardie beloftes opeis! Kom ons kyk na 'n paar van hulle. “En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus” (Filippense 4:19). Wat het u nodig? Het u behoefte aan kos of klere? Het u behoefte aan 'n werk? Vra! God belowe om in elke behoefte van u te voorsien, maar u moet u deel doen! Wat het Jesus gesê?



“Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word” (Mattheüs 7:7). Solank as wat u vra dat God se wil sal geskied, nie u eie nie, sal Hy in elke behoefte van u voorsien, soos Hy beloof het!

Ons het ander behoeftes wat ons soms nie regtig besef nie, soos om weer op die regte geestelike pad te kom wanneer ons afgedwaal het. Soms het ons tereg wysing nodig. Ons kan vertroos word deur die wete dat die Here aan ons die leiding sal gee wat ons nodig het om terug te kom op die regte spoor. Soms kan dit pynlik wees, maar dit is altyd tot ons beswil (Hebreërs 12).

Om die krag van gebed te ervaar, moet ons ons prioriteite in orde kry. Wat is u prioriteite in die lewe? Weet u wat u doelwit in die lewe behoort te wees? In die sesde hoofstuk van Mattheüs, beklemtoon Jesus dit dat God in ons behoeftes sal voorsien, maar dat ons ook 'n rol het om te speel: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheüs 6:33). Na watter “dinge” verwys Jesus? Hy praat van al die fisiese dinge wat mense nodig het en dikwels bekommerd oor is, omdat hulle nie op God vertrou nie! Jesus berispe hierdie beangste mense vir hul vrese: “As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?” (Mattheüs 6:30).

Daar is geen rede vir vrees nie – God het die wonderlike belofte gemaak dat as ons eers die koninkryk van God soek, sal ons ook 'n hegte verhouding met ons Vader in die Hemel en met Sy Seun – ons Verlosser – Jesus Christus, opbou. God weet wat ons nodig het, maar Hy wil ons leer om op Hom te vertrou en om afhanklik van Hom te wees.

Die meeste Amerikaners weet dat hul land se geldeenheid gedruk of gegraveer is met die woorde: “In God we trust”. Kan ons as Christene lewe volgens hierdie eenvoudige, maar diepsinnige leuse?

### **Bid uit die hart**

Nog 'n baie basiese beginsel om die krag van gebed te ervaar, is die volgende: Praat slegs uit die hart uit. U hoef nie vasgevang te wees in gememoriseerde gebede wat leeg en betekenisloos is nie. Jesus waarsku ons oor nuttelose herhalings: “En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word. Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra” (Mattheüs 6:7-8).

Baie gelowe beklemtoon herhalende gebede – herhaling van dieselfde paar woorde oor en oor, of deur gebruik te maak van gebedswiele of gebedsvlae wat veronderstel is om 'n boodskap te stuur van beoefenaars daarvan aan hulle onsigbare god. God sê dit alles

is tevergeefs! Onthou, God verwag dat u 'n **persoonlike** verhouding met Hom moet nastreef. Aangesien Hy u behoeftes ken, mag eenvoudige versoeke al wees wat nodig is, maar u moet opreg en innig wees soos u sou wees in u omgang met 'n geliefde! Wanneer u nadink oor die seëninge wat God aan u gegee het, fisies en geestelik, sowel as beantwoorde gebede – moet dan nie vergeet om Hom in u gebede daarvoor te bedank nie (Efesiërs 5:20)!

Jesus sê: “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê” (Johannes 10:10). Christene ervaar lyding en baie beproewings in die lewe. Hulle het egter die krag van Christus om hulle te help om dit te verduur. Hulle het ook die geleentheid om die ware waardes van die lewe te hervestig en 'n oorvloedige lewe te herwin. Dus, bykomend tot God se belofte dat Hy aan elke behoefte van ons sal voorsien, is daar 'n spesiale belofte oor die begeertes van ons hart: “... en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart” (Psalm 37:4). Wat 'n wonderlike belofte! Uiteraard moet dit geoorloofde begeertes wees, in harmonie met God se wil. Indien u in harmonie is met God se wil, dan is daar so baie maniere waarop God graag u lewe wil verryk en u verwagtings en drome wil vervul!

### **Wat van die onboetvaardige?**

God wil hê dat u tot Hom moet bid en u lewe met Hom moet deel. Gebed verander

dinge; dit is u lewenslyn na God. Verhoor God egter die gebede van onboetvaardige sondaars? Ons behoort te verstaan dat ons nie kan verwag dat God ons gebede sal verhoor as ons eiesinnig voortgaan om doelbewus 'n sondige lewe te lei nie.

Wat is sonde? Neem kennis: "Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God" (1 Johannes 3:4 NV). God kan en wil die boetvaardige egter red! "Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie" (Jesaja 59:1-2).

God sal nie die gebede verhoor van verharde, onboetvaardige mense wat sonde doen nie. Wat gebeur egter as u regtig, ernstig u lewe wil verander? Wat as dit u innige begeerte is om verlos te word van u sondige gewoontes? Indien u werklik God se hulp wil hê om u te bekeer en te verander en indien u die moed aan die dag lê om tot die daad oor te gaan en u sondes persoonlik en privaat aan God te bely, dan sal God u help.

Hoe kan u weet Hy sal? Die Skrif illustreer dit deur Christus se verhaal van die Fariseër en die tollenaar: "En Hy het ook met

die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis vertel. Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar. En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie – rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig! Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word" (Lukas 18:9-14).

God sal nie die gebede van 'n onboetvaardige sondaar verhoor nie, maar Hy sal u gebed verhoor indien u diep en innige berou het, indien u u sonde bely, net soos God die nederige belydenis van die tollenaar verhoor het. Soos die apostel Johannes skryf: "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregthede te reinig" (1 Johannes 1:9). Dit is God se belofte. Dit verg moed om ons

sondes te bely. Ons moet egter almal ons verootmoedig en na God soek met ons hele hart.

Wat sal gebeur wanneer ons dit doen? God sê aan ons in Jesaja 55:6-7: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik".

God wil graag die ewigheid met ons deel. Soos 'n liefdevolle Vader, belowe Hy om aan ons ons basiese behoeftes te gee. Hy belowe ook om aan ons "goeie dinge" te gee. Hy belowe om aan ons die begeertes van ons hart te gee. Ons moet bereid wees om Hom te soek, op Hom te vertrou en aan Hom gehoorsaam te wees. Wanneer u dus 'n probleem of behoefte het, bid daarvoor! U sal op die pad wees na vergifnis, genade, begrip en onbeskryflike seëninge en oorwinnings oor sonde. Onthou die belofte dat God die "... mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink" (Efesiërs 3:20).

Eis dus God se beloftes op! Stel daardie lewenslyn van gebed in! Dit sal u lewe nou verander, en u voorberei vir die toekomstige Koninkryk van God onder die liefdevolle heerskappy van ons lewende Verlosser, Jesus Christus! **WvM**

Besoek ons webwerf by: [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)  
of vir Engelse literatuur: [www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

**Vervolg vanaf bladsy 7 – Groot “opstand” net om die draai!**

Gedurende hierdie tyd sal Satan “oorlog voer” teen daardie Christene wat nie heeltemal so ywerig was voor die aanvang van die Groot Verdrukking nie (Openbaring 12:17). Ek bid dat diegene van u wat hierdie artikel lees, onder daardie gelowiges sal wees wat beskerm sal word. Indien u nie is nie, bid ek dat u die moed en oortuiging sal hê om op te staan teen die dier en die valse profeet, selfs wanneer dit 'n marteldood beteken.

Beide diegene wat beskerm is in die plek van veiligheid en hulle wat gesterf het as getroue martelaars tydens die Groot

Verdrukking, sal geseën word met die ewige lewe in die Koninkryk van God. Hulle sal die geleentheid gebied word om *saam met Christus* te **regeer** en vrede oor die hele wêreld te bring. Hulle sal deel in die **eerste** opstanding met Christus se wederkoms. Die Bybel stel dit duidelik: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

Namate hierdie ontstellende gebeure begin om – stadig maar seker – regoor die wêreld te ontvou, sal u die geloof beoefen en die moed aan die dag lê om die ware God van die Bybel vurig te “soek” en om vir ewig een van Sy heiliges te wees? Sal u **paraat** wees en versigtig “waak” vir die dinge wat, soos Bybelprofesieë onthul, nog moet gebeur voor Jesus Christus se wederkoms? Sal u God se weg kies, of die weg van opstand? Mag God aan u die begrip, die *geloof* en die **moed** gee om die regte keuse te maak! **WvM**

## **Satan se vervalste Christendom**

*Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!*

*Dit is lewensbelangrik.*

*Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis moet dra!*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie!

**Vervolg vanaf bladsy 22 – Glo u “die leuen”?**

om deur Jesus se gestorte bloed gered te wees van die straf van die sonde van die verlede (Titus 3:4-7) dan vertrouend op die wete dat as hulle getrou hul wedren hardloop (1 Korinthiërs 9:24; Hebreërs 12:1), hulle *nou gered word* van die gevare van

hierdie wêreld (2 Korinthiërs 2:15) deur die lewende Christus (Romeine 5:10). Hulle sal uiteindelik *beloon word* met 'n onverwelklike kroon (1 Korinthiërs 9:25) en met die ewige lewe in die ware huisgesin van God (Openbaring 22:5).

Ons leef in swaar tye, maar Mattheüs 24:12-13 belowe dat die Christene wat tot die einde toe volhard, *gered sal word*. Deur Christus wat in ons woon, verwerp ons die leuen en is ons *vol vertrou* dat ons redding uit sonde en gevaar sal ontvang! **WvM**

# Nie vra nie?

Deur Brian Pomicter

Twee-en-vyftig jaar gelede – 'n bietjie meer as twee geslagte terug – op 20 Januarie 1961, het die Amerikaanse president, John F. Kennedy, in sy enigste intreerede, 'n beroep op sy gehoor gedoen om hom te ondersteun in die bevordering van die ideale van vryheid en gemeenskaplike welvaart. Terwyl die VSA nou voorberei vir President Barack Obama se tweede intreerede, hoe het Amerika en ander Westerse nasies gevaar in die bereiking van President Kennedy se doelwitte?

In sy bekende toespraak het President Kennedy gesê: “Aan daardie nuwe state wat ons verwelkom onder die gelede van die vryes, gee ons plegtig ons woord dat een vorm van koloniale beheer nie beëindig word slegs om plek te maak vir 'n baie meer ystere tirannie nie. Ons sal nie altyd verwag dat hulle ons siening moet ondersteun nie. Ons sal egter altyd hoop om te vind dat hulle hul eie vryheid sterk sal ondersteun en ook sal onthou dat, in die verlede, diegene wat dwaas was om mag te soek deur op die rug van die tier te ry, hulself binne-in hom bevind het. Aan daardie mense in hutte en dorpies oor die helfte van die aarde, wat sukkel om die bande van massa-ellende te verbreek, belowe ons om ons bes te doen om hulle te help om hulself te help, vir so lank dit ook al nodig

mag wees – nie omdat die kommuniste dit dalk doen nie, nie omdat ons hulle stemme wil werf nie, maar omdat dit reg is”.

Waar staan ons vandag? Dink na oor hierdie ontleding deur politieke ontleders Samuel Chi, Kevin Sullivan en Gregory Scoblete, in hul essay *The State of the World in 2012*: “Verskeie uiters belangrike vraagstukke hang oor die wêreld ... Sal die Eurosone ineenstort? Sal die Arabiese lente 'n nuwe en oor die algemeen meer stabiele en goedaardige Midde-Ooste oplewer, of iets ergers? Sal die VSA en NAVO 'n bevredigende punt bereik om Afghanistan te verlaat? Sal Iran se kernprogram 'n wapenwedloop aan die gang sit, of iets nog erger? Sal China 'n politieke of ekonomiese krisis afweer?”

Die verhewe ideale wat uiteengesit is in President Kennedy se toespraak is beslis die moeite werd. Hulle is egter nie nuut nie, omdat die mensdom van die heel begin af vervulling daarvan nagestreef het. Byna twee duisend jaar gelede het Jesus Christus na die aarde gekom om 'n boodskap te bring van vrede en voorspoed vir almal, wat verkry sou kon word deur die toekomstige Koninkryk van God. Christus het gekom na 'n wêreld wat toe, net soos nou, nie hierdie soort vrede en voorspoed vir die grootste deel van die mensdom geken het nie.

Hy het 'n boodskap van die ware Outeur van vrede en voorspoed gebring. Hy het vir sy luisteraars gesê dat Hy gekom het “dat hulle lewe en oorfloed kan hê” (Johannes 10:10).

Jesus Christus het in Sy lewe die enigste onfeilbare weg na vryheid en voorspoed uitgebeeld, deur as 'n voorbeeld te dien om die pad van welwillende leierskap en persoonlike opoffering aan te dui. Hy sê: “Julle noem My Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was” (Johannes 13:13-14). Selfs nou is Hy besig om Christene op te lei om toekomstige poste onder Hom te beklee in die toekomstige Koninkryk van God, waar hulle 'n lewensbelangrike rol sal speel as “konings en priesters” in 'n toekomstige tyd wat meer wonderbaarlik sal wees as enige iets wat President Kennedy – of enige een wat vandag leef – kan dink: “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:9-10).

President Kennedy het in sy intreerede 'n ander bekende versoek gerig – 'n beroep aan sy

**Vervolg op bladsy 26**



# Waak en waarsku

## Glo u "die leuen"?

Deur Wyatt Ciesielka

Die Bybel waarsku: "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae *swaar tye* sal kom". Vandag sien ons dat elke soort gevaar besig is om oor die hele wêreld toe te neem. Ons sien ook 'n *leuen*. Om die leuen te glo, beteken om die duidelike waarskuwings van die Skrif en die realiteit van die gebeure in die wêreld, te ontken. Om die leuen te aanvaar beteken om ons self en ons geliefdes *aan gevaar* bloot te stel.

Die Skrif voorspel dat, aan die einde van hierdie tydperk, hierdie "*swaar tye*" (2 Timótheüs 3:1) nie net gekenmerk sal word deur traumatiese *wêreldwye rampe* nie, maar ook deur toenemende sedeloosheid en sonde (vgl. verse 2-4)! God het die profeet Jesaja geïnspireer om die gesindhede en toestande wat heersend sal wees aan die einde van hierdie tydperk, te beskryf. Jesaja skryf van die *leuen* wat baie mense vandag glo: "Kom, sê hulle, laat ek wyn gaan haal, en laat ons sterk drank drink, en die dag van môre sal wees soos vandag, buitengewoon groot!" (Jesaja 56:12). Jesaja beskryf die gesindheid wat sê: "Eet, drink en wees vrolik, en die lewe sal met verdrag net beter word".

Sal ons in hierdie *swaar tye* op ons hoede wees en "waak en bid" (Markus 13:33)? Of sal ons onself besig hou met die

*vleeslike afleidings* van hierdie wêreld, onkundig oor die profetiese tekens rondom ons? Sal ons *die leuen* glo, of sal ons *die feite* voor oë hou? Sal ons deur die wêreld oorwin word, of sal ons die wêreld oorwin?

### Die weer en ekonomiese gevaar

Dit is 'n **feit** dat die wêreldwye ekonomie in gevaar is. Die Verenigde State van Amerika is op pad na 'n *fiskale afgrond* en pynlike besparings soortgelyk as wat lande soos Griekeland, Spanje en Portugal ervaar het. Dit is 'n **feit** dat Europa in 'n *resessie* gedompel is. "Europese aandele tuimel namate die euro-sone in 'n resessie sink", *Reuters*, 15 November 2012). Oor die volgende paar jaar sal pynlike *besparingsmaatreëls*, *stakings* en onluste erger word en ook versprei na ander lidlande van die Europese Unie.

Bybelprofesie het lank reeds voorspel dat aan die einde van hierdie tydperk, die Amerikaners en nasies van Britse afkoms sal aanbeweeg van 'n tyd van voorspoed na 'n tyd van rampspoed. Die **feit** is, ons is in daardie eindtyd. "Vandag ontbreek dit Amerika aan finansiële krag, politieke moed en maatskaplike wil" om baie te doen om te probeer terugkeer na daardie grootheid.

Amerika is 'n supermoondheid in ekonomiese en sedelike verval, op pad na 'n potensiële "nagmerrie scenario" waarin "alle hoop vir Amerika se toekoms kan verdwyn" ("*Notes on the Decline of a Great Nation*", *Der Spiegel*, 5 November 2012).

Afgesien van die dreigende ekonomiese krisis, word die VSA en ander lande ook geteister deur toenemend *weer-verwante rampe*. *Nypende droogtes* duur voort dwarsdeur sentraal Amerika, die Verenigde Koninkryk en elders. Verlede jaar se dodelike "Superstorm Sandy" sal die Noordooste van Amerika minstens "\$50 miljard kos aan skade en verlies aan ekonomiese bedrywighede" ("*New Jersey officials mum on amount of Sandy economic damages*", *CNBC.com*, 13 November 2012).

### Sedelike Gevaar

Dit is 'n **feit** dat 'n enorme *sedelike verval* tans aan die kom is, soos die apostel Paulus waarsku in 2 Timótheüs 3. 'n Voortdurende neiging na meer gewelddadige, demoniese en okkultiese vermaak word vergesel van 'n ewe *onbybelse* gesindheidsverskuiwing ten opsigte van seksuele sedeloosheid en die rol van die huisgesin. Soos ons Hoofredakteur, dr. Roderick C.

Meredith, ons in die November-Desember 2013-uitgawe van hierdie tydskrif herinner, Satan en sy demone is baie werklike magte wat vir sommige mense “baie fassinerend voorkom”. Nogtans “beveel die Ewige God ons: 'Begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die HERE julle God' (Levitikus 19:31)” (“*Weerstaan Demone!*”, bl. 3).

In die Amerikaanse verkiesings van November 2012 het kiesers vir die eerste keer “dieselfde-geslag huwelike” in twee state goedgekeur en die eerste openlik homoseksuele Amerikaanse senator verkies. Die hoofstroom media neem daarvan kennis: “Populêre stemme weerspieël selde sulke *dramatiese maatskaplike veranderinge*” (“*Voters approve same-sex marriage for the first time*”, *CNN.com*, 11 November 2012).

Soortgelyke ontwikkelings vind plaas in ander Westerse nasies. Dit word van Franse wetgewers verwag om in Januarie oor 'n wetsontwerp te stem wat “die grootste stap vorentoe sal wees vir voorstanders van Franse *gay* regte in meer as 'n dekade” en sal 'n groot stap wees in die rigting van ongekende huweliks- en aannemingsregte van lesbiese en homoseksuele paartjies (“*French ministers back draft bill on same-sex marriage*”, *CNN.com*, 7 November 2012).

Baie mense wil al te dikwels

die **feit** ignoreer dat *seksuele sedeloosheid* en selfsug nie net alleen lei tot emosionele pyn en fisiese siekte nie, maar ook tot die *aborsie* van ongebore babas. Volgens 'n onlangse internasionale studie, eindig ongeveer *een uit elke vyf* swangerskappe in aborsie – meer as 40 miljoen aborsies wêreldwyd *elke jaar!* Alhoewel daar sedert 1973 'n beraamde 50 miljoen aborsies in die Verenigde State uitgevoer is, is dit in Europa en Latyns-Amerika waar die aborsie-getalle die hoogste is (“*Induced abortion: incidence and trends worldwide from 1995 to 2008*”, *The Lancet*, 19 Januarie 2012). Die *astronomiese* getal geaborteerde babas is nog 'n teken dat ons in “*swaar tye*” leef – waar, in stede van om *getrou* te wees binne die huwelik en werklike liefde te betoon aan ongebore babas, gans te veel mense “liefhebbers [is] van hulleself” en “meer liefhebbers [is] van genot as liefhebbers van God” (vgl. 2 Timótheüs 3:2-5).

Dink ook aan die feit dat dit lyk asof die wêreld besig is om die stryd teen *dwelms* te verloor. In die November 2012 verkiesings het Amerikaanse burgers in Colorado en Washington gestem om die ontspanningsgebruik van dagga in hul state te wettig. Hoewel Amerika die afgelope dekade minstens \$25 miljard spandeer het om onwettige dwelmbesit en handel te bekamp, sê baie kenners dat dit *bykans geen positiewe uitwerking gehad het*

*nie* (“*US should honor states' new pot laws*”, *CNN.com*, 13 November 2012).

Interessant genoeg, waarsku die Skrif dat aan die einde van hierdie tydperk, selfs ná die toekomstige Groot Verdrukking, mense hulle nie sal bekeer van hul moorde, seksuele sedeloosheid of eksperimente met dwelms nie (Openbaring 9:21). Dit is insiggewend dat die Griekse woord *pharmakeia* – wat gewoonlik vertaal word as “*towerye*” – ook dui op narkotiese dwelms! Wat 'n ontnugterende aanklag van die mensdom se hardnekkige opstandigheid!

### Verlossing uit gevaar

Moet nie *die leuen* aanvaar dat “môre sal wees soos vandag, selfs nog beter” nie. Ons leef in gevaarlike tye. Daar is egter goeie nuus; u en u geliefdes **kan** seëvier! Hoewel hulle menslik swak mag wees, verstaan Christene dat hulle *geestelik sterk* kan wees met Christus wat in hulle leef (2 Korinthiërs 12:10; Galasiërs 2:20). Deur die krag van Christus in hulle, verwerp en oorwin ware Christene sonde *en die leuens en die gevare van hierdie wêreld*. Hulle beur vorentoe (Filippense 3:12-14), nie meer as “liefhebbers van hulself” of “trots” of “onheilig” of “liefhebbers van genot eerder as liefhebbers van God” nie (2 Timótheüs 3:2-4).

Getroue Christene is *oorwinnaars* – diep *dankbaar*

**Vervolg op bladsy 19**

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** Sommige bronne, soos *Wikipedia*, beweer dat daar geen verband bestaan tussen die Katolieke Saint Valentine en Romeinse vrugbaarheidsgebruike soos die Luperkalieë nie. Is Valentynsdag 'n vakansiedag wat Christene behoort te vier, gegrond op hierdie stelling?

**ANTWOORD:** By navorsing van vrae soos hierdie, is dit belangrik om u bronne noukeurig te ondersoek. Byvoorbeeld, indien u *Wikipedia* (soos teen die einde van Desember 2012) glo, het Valentynsdag geen voor-Christelike verlede nie. 'n Noukeuriger ondersoek in verskeie bronne openbaar egter 'n ander antwoord.

Baie gewone, algemene verwysings soos die *World Book Encyclopedia*, erken ruitelik die verband tussen Valentynsdag en voor-Christelike gebruike. Let op: “Die Romeine het hul fees van Luperkalieë gevier as 'n liefdesfees vir jong mense ... Na die uitbreiding van die Christendom het kerkmanne probeer om 'n Christelike betekenis te gee aan hierdie heidense fees. In 496 het Pous Gelasius die Luperkalieë-fees van 15 Februarie verander na Sint Valentynsdag op 14 Februarie. Die sentimentele betekenis van die ou fees het behoue gebly tot in die huidige tyd” (“*Valentine's Day*”, Volume 19, bl. 205-206).

Wat was hierdie Luperkalieë-fees? Gedurende hierdie heidense “fees vir verliefdes”, het die Romeine die legende van die stigting van Rome gevier ter ere van die wolf wat, volgens oorlewering, die tweeling Romulus en Remus gesoog het. Romeinse priesters van hierdie heidense ritueel sou vroue met bokvelrieme slaan in die hoop dat hierdie praktyk hulle vrugbaarheid sou verhoog. Paartjies sou ook liefdestekens uitruil met “die eerste persoon van die teenoorgestelde geslag wat op daardie dag gesien word” (Herbert Lockyer, *All the Holy Days and Holidays*).

Wat van die aanspraak dat Valentynsdag uitsluitlik uitgedink is ter ere van die Roomse kerk se Heilige Valentinus, van wie gesê word dat hy doodgemartel is in die derde eeu n.C.? Lockyer wys daarop dat die viering van Valentynsdag – met geskenke wat algemeen gegee was aan die persone van mense se erotiese liefde – geen betekenisvolle verband hou met 'n Roomse heilige nie, dat dit baie meer in gemeen het met die antieke Luperkalieë.

Sommige mense het beweer dat Valentynsdag eers ingestel is as 'n gewone godsdienstige fees en dat dit eers later sy erotiese ondertone bygekry het, moontlik aangemoedig deur die digter Geoffrey Chaucer se *Parliament of Fowls* – soms ook genoem: “Die eerste Valentynsdag gedig wat ooit geskryf is” –

'n verhaal van voëls wat in die laat winter en vroeë lente sou afpaar met hul maats, vir wie Valentynsdag spesiale betekenis sou inhou. Tensy die vakansiedag reeds sy erotiese ondertoon gehad het, sou Chaucer se verwysings en gevolgtrekkings geen sin gemaak het vir sy lesers nie! Hy het duidelik geskryf in die gees van 'n reeds gevestigde siening dat Valentynsdag 'n spesiale dag vir verliefdes is.

Maak dit saak dat Valentynsdag 'n moderne voortsetting is van 'n heidense gewoonte? Die Bybel is duidelik oor hierdie punt. God het eertyds al gewaarsku teen die beoefening van so 'n nabootsing (Deuteronomium 12:29-31). Die apostel Johannes het hierdie waarskuwing benadruk toe hy by Christene aangedring het: “My kinders, bewaar julleself van die afgode” (1 Johannes 5:21). Daar is by nie-Joodse Christene aangedring om hulle te onthou van heidense “afgodsoffers” (Handelinge 15:29). Dit verwys duidelik na vleis wat aan heidense afgode geoffer is, maar het ook geïmpliseer dat Christene hulle selfs moet distansieer van die viering van 'n vakansiedag “wat aan afgode opgedra is”.

Jesus Christus het self die nasionale en burgerlike vakansiedae van antieke Israel gevier, selfs onder die Romeinse besetting. Hy het na die tempel in Jerusalem gegaan tydens die viering van die Fees van Toewyding, ook bekend as Hanukka of wydingsfees (Johannes 10:22) – 'n vakansiedag wat God nie ingestel het nie. Dit is nie so dat ons net vakansiedae wat in die Bybel gevind word mag vier nie. Waar sodanige viering ons in stryd bring met Christelike sedelikheid, of ons insluit (direk of deur assosiasie) in die beoefening van heidense gebruike, behoort ons sodanige vierings te vermy – derhalwe behoort ons as Christene nie Valentynsdag te vier nie.

Om meer hieroor te wete te kom, bestel gerus u gratis kopie van ons insiggewende boekie, *Die Heilige Dae – God se meesterplan*. Dit sal u help om die feeste wat God vir Sy volk ingestel het te waardeer, asook hoe hulle verskil van die wêreld se feeste wat oorgedra is van heidense geloof en aanvaarbaar is vir vleeslike mense. Bestel u kopie aanlyn by [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za) of skryf na die streekskantoor die naaste aan u (sien bladsy 2) om u gratis kopie aan te vra. 

# Profesie neem

## Hongersnood en voedseltekorte lê voor!

Nuusverslae van regoor die wêreld berig dat rekord hittegolwe, geweldige droogtes, oorstromings en voortgesette geweld toeneem wat oeste drasties laat verminder het in normaalweg produktiewe gebiede van Amerika, Australië, Suid-Afrika en Rusland. As gevolg hiervan, staar miljoene mense gevaarlike voedseltekorte in die gesig. Duisende mense wat afhanklik is van hierdie gewasse, het van honger en wanvoeding gesterf. Tog, in ons toenemend sekulêre wêreld, besef min mense dat Bybelprofesieë *lank gelede reeds voorspel* het dat hierdie toestand die nuus sal oorheers net voor Jesus Christus se wederkoms na hierdie aarde. Hierdie antieke profesieë is vandag besig om *gestalte aan te neem* – reg voor ons oë!

### Hongersnood geprofeteer

Jesus is deur Sy dissipels gevra, "... wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" Hy het toe 'n aantal spesifieke gebeure gelys wat duidelik sou word op die wêreldtoneel, met inbegrip van "oorloë en gerugte van oorloë ... *hongersnood* ... *pessiektes* [siekte-epidemies] en aardbewings op verskillende plekke" (Mattheüs 24:3-7; kyk ook na Markus 13:8). In sy bekende profesie oor die vier perde-

ruiters, skryf die apostel Johannes dat die tye net voor Christus se wederkoms gekenmerk sal word deur oorloë ('n rooi perd) en *wydverspreide voedseltekorte* ('n swart perd), bykomend geweld, *hongersnood* en siektes wat die lewens van 'n *kwart* van die wêreld se bevolking sal eis (Openbaring 6:1-8). Jesus verwys na hierdie toenemende ernstige wêreldwye rampe as "die begin van die smarte" wat die voorganger sal wees van *selfs nog groter* rampe wat die sondige en opstandige nasies van die aarde sal tref (Mattheüs 24:8). Die Bybel openbaar die ontstellende *profetiese betekenis* van dramatiese weer-verwante gebeure wat sal aankondig dat die wederkoms van Jesus Christus naby is.

### Wêreldwye nuusopskrifte

Die Verenigde Nasies het onlangs gewaarsku oor 'n "dreigende wêreldwye voedselkrisis in 2012" en beweer dat "die wêreld se voedselvoorsieningstelsel in duie kan stort" omdat die wêreld se voedselreserwes gedaal het tot die laagste vlakke in dekades. Die wêreld se bevolking verbruik meer voedsel elke jaar as wat geproduseer word (*The Observer*, 13 Oktober 2012). Rekord droogtes en oorstromings, tesame met uitgeputte voedselreserwes,

laat "geen ruimte vir onverwagse gebeure" in die jare wat voorlê nie. Landboukundiges besef dat nog 'n ernstige droogte in voedselproduserende streke van die VSA ernstige voedseltekorte sal veroorsaak en dat 'n ernstige wêreldwye droogte wydverspreide hongersnood sal meebring omdat surplusse waarop lank reeds staatgemaak word, nie meer bestaan nie. Eenvoudig gestel, ons kan een swak oes vêr weg wees van 'n **ontsettende** ramp!

Kroniese honger is egter reeds 'n lewensfeit in groot dele van die wêreld. In 'n onlangse verslag deur die *Stockholm International Water Institute* lees ons: "Nege-honderd-miljoen mense ly reeds honger en 2 miljard is ondervoed" ("*Food shortages could force world into vegetarianism, warn scientists*", *The Guardian UK*, 26 Augustus 2012) – hoofsaaklik in ontwikkelende lande in Afrika, die Midde-Ooste, Asië en die Stille Oseaan, sowel as die Karibiese Eilande en Latyns-Amerika. Elke jaar sterf meer mense van honger as aan VIGS, malaria en tuberkulose saam – waarby 5 miljoen kinders ingesluit is. Wanvoeding belemmer die ontwikkeling van die brein by kinders en verminder grootliks die vermoë van die immuun-sisteem om individue teen aansteeklike



# gestalte aan

siektes te beskerm.

## Bydraende faktore

Waarom is die wêreld dan op pad na ernstige voedseltekorte en wydverspreide hongersnood? Hoe kon Bybelse profesieë voorspel het dat hierdie *spesifieke rampspoedige gebeure* sal plaasvind teen die einde van hierdie tydperk? Omdat die God van die Bybel die fisiese wette van die Skepping en die menslike natuur verstaan. Hongersnood ontstaan deur natuurlike, mensgemaakte en bonatuurlike oorsake. Die onophoudelike druk van bevolkingsaanwas, kwynende hoeveelhede bewerkbare grond en die fisiese beperkings van voedselproduksie is voorspelbaar. Uiterste weersomstandighede kan die gevolg wees van natuurlike oorsake, maar kan ook veroorsaak word deur God se direkte ingryping (sien Eksodus 9:18-26; Josua 10:8-11; Rigters 4:15, 5:21). Die mens se neiging tot geweld teenoor ander mense is ook 'n faktor wanneer strydende faksies binne nasies die oes van gewasse ontwig en vernietig. Dit veroorsaak verskuiwing en hongersnood vir honderde duisende mense wat in oorloggeteisterde gebiede van die wêreld woon.

Swak beplanning – gebrek aan visie en 'n slegte regering –

kan ook lei tot ernstige voedseltekorte en hongersnood wat miljoene mense raak (sien Spreuke 29:18). Die druk op ontwikkelende lande om surplus voedsel van ontwikkelde lande te aanvaar, het baie plaaslike boere uit die bedryf gedwing. Lande wat afhanklik is van voedsel-invoere het te doen met ernstige begrotingskwessies wanneer die koste van ingevoerde voedsel styg. Terwyl die meeste Amerikaners minder as 10% van hul inkomste aan voedsel bestee, kan mense in ontwikkelende lande 50 tot 60% van hul inkomste spandeer aan kos. Wanneer voedselpryse styg, word die armes die hardste getref en is hulle die meeste kwesbaar vir hongersnood.

Stelsels van voedselproduksie wat gebou word op winsbejag en gierigheid kan lei tot ernstige ongelykhede in die beskikbaarheid van voedsel. Regerings se gewettigde bio-brandstof programme – wat mielies gebruik om etanol te vervaardig om motors mee aan te dryf en sojabone asook palmolie wat gebruik word om bio-diesel brandstof te maak – kan ook bydra tot voedseltekorte. Die Verenigde State gebruik tans sowat 40% van hul mielie-oes vir die produksie van etanol – wat die prys van mielies meer as 20% opgeskuif het. Nogtans is mielies vir baie mense in die wêreld 'n

belangrike bron van voedsel. Namate die vraag en prys van mielies toeneem – aangedryf deur die aanvraag na etanol – sal lande wat mielies invoer, hard getref word.

## Profetiese betekenis

Wetenskaplikes het talle menslike en fisiese faktore geïdentifiseer wat 'n bedreiging inhou vir wydverspreide hongersnood in die wêreld, maar slegs die Bybel gee 'n *belangrike perspektief wat heeltemal ontbreek* in wêreldse nuusontleding. Die Skrif openbaar dat 'n tyd van oordeel oor die aarde aan die kom is – veral oor nasies wat hulle rug op God gedraai het. Die Bybel verduidelik dat ernstige gevolge plaasvind wanneer fisiese en geestelike wette wat deur die Skepper ontwerp is, geskend word (sien 1 Johannes 3:4; Levitikus 26 en Deuteronomium 28). Die God van die Bybel veroordeel gierigheid en die uitbuiting van die armes (1 Timótheüs 6:10; Efesiërs 4:17-19; Amos 2:6-7; Sagaria 7:7-11) – faktore wat veroorsaak dat miljoene mense vandag hongersly. Die Bybel veroordeel hoerery, owerspel en homoseksualiteit (1 Korinthiërs 6:18; Eksodus 20:14, 17; Levitikus 18:22), maar nogtans is die sogenaamde “Christelike” nasies van die Weste, wat so ryklik deur God geseën is, nou

aktief besig met die bevordering van hierdie bese gedrag. Die Skrif stel dit duidelik dat God egskeiding haat (Maleági 2:16), nogtans is hierdie selfde nasies die wêreld se leiers vandag in die getal egskeidings en verwekking van kinders buite die huwelik.

Dit is tragies dat miljoene mense mislei is om te glo dat daar geen God is nie en dat die wette van God 'n "vreemde ding" is – verouderd, mee weggedoen en nie meer van toepassing nie (Hosea 8:11-14). God sal nogtans dramaties ingryp in menslike sake om orde te skep

in die haglike omstandighede wat so baie menslike lyding veroorsaak het. Hy sal uiterste weerstoestande oor sondige nasies bring wat Sy wette verwerp en die armes verdruk. Hy waarsku: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooe nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp ... Ek sal ... julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper.... julle land sal sy opbrings nie gee nie ... Ek sal julle stede puinhope maak ... Ek self sal die land verwoes ... en julle land sal 'n wildernis en julle stede puinhope word" (Levitikus 26:14-33). Die

profeet Joël voorspel dat, net voor Christus se wederkoms, voedselvoorrade afgesny sal word en skure sal verwoes wees as gevolg van uiterste weerstoestande en ander rampe (Joël 1:8-20).

Wanneer God begin om in te gryp in wêreldsake en om die nasies te oordeel (Jesaja 24:1-6), sal mense begin besef dat die God van die Bybel werklik is, dat Sy weg die waarheid is en dat Hy besorg is oor die welsyn van Sy kinders (2 Petrus 3:9; Hebreërs 12:6).

—*Douglas S. Winnail*

## **Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?**

*Meer as 50 jaar gelede het mnr. Herbert W. Armstrong (1892 – 1986) 'n boek geskryf getiteld "The United States and British Commonwealth in Prophecy". Gedurende sy leeftyd het menige uitgawes van hierdie boek verskyn, maar dit is nou etlike jare al onverkrygbaar.*

*Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!*

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

### **Vervolg vanaf bladsy 20 – Nie vra nie?**

luisteraars om persoonlike opofferings te maak vir die beswil van andere: "En nou, my mede-Amerikaners, moet nie vra wat u land vir u kan doen nie, vra wat u vir u land kan doen. My medeburgers van die wêreld, vra nie wat Amerika vir u sal

doen nie, maar wat ons saam kan doen vir die vryheid van die mensdom ..."

Om meer te leer oor die wonderlike toekoms wat God vir die mensdom beplan het, lees gerus ons boekies, *U uiteindelijke lotsbestemming* en

*Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?* Bestel u eie gratis kopieë vanaf die Streekskantoor die naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of gaan aanlyn by [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za) om dit te bestel of te lees. **WVM**

# Wie beheer die weer?

*Is “natuurrampe” die onpersoonlike werking van “Moeder Natuur”,  
of is dit 'n LEWENSBELANGRIKE boodskap van God?*

*Sodanige natuurrampe word soms 'n natuurkrag genoem, so bestier deur God.  
Maar wat is Sy EINTLIKE rol in die droogtes, hongersnode, vloede en aardbewings  
wat ons wêreld tref?*

*Wat sê die Bybel oor sulke natuurrampe in die eindtyd?  
Hoe kan Christene hulle hierop voorberei?*

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

## Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

hemel toegesluit is, dat *daar geen reën is nie, omdat hulle teen U gesondig* het, maar hulle na hierdie plek toe bid en u Naam bely, van hulle sonde hul bekeer, omdat U hulle verootmoedig, wil U dan hoor in die hemel en die sonde van u knegte en van u volk Israel vergewe – want U leer hulle die goeie weg waar hulle in moet wandel – en **gee reën** op u land wat U aan u volk as 'n erfenis gegee het” (2 Kronieke 6:26-27). Dit is duidelik dat God *beslis* die weer *beheer!* Letterlik *dosyne* gedeeltes in die Bybel maak dit baie duidelik – **indien** u die Bybel letterlik opneem en glo wat God in Sy Woord geïnspireer het. Terloops, indien u meer gedetailleerde inligting wil bekom oor hierdie hele onderwerp, kan u ons skakel of dadelik aan ons skryf en 'n **gratis** kopie aanvra van ons ware insiggewende boekie getiteld: *Wie Beheer die Weer?*

Sommige mense het die idee dat, aangesien party van hierdie gedeeltes in die Ou Testament van die Bybel is, dit net “Ou-Testamentiese goed” is. **Nee!** Selfs Jesus se broer Jakobus skryf na aan die einde van sy Nuwe-Testamentiese brief: “Elía was 'n mens net soos ons, *en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie*, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit” (Jakobus 5:17-18).

My vriende, die belangrikste beginsel waarby u kan baat vind in hierdie artikel, is dat **indien** u die God van die Bybel eerbiedig en Sy seëninge wil ontvang, u bereid behoort te wees om te luister na wat Hy aan u in die Bybel sê.

Wees bereid om te **verstaan** dat wanneer werklike **massiewe** weerversteurings op die mees ongewone wyse plaasvind, dit dalk veel meer mag wees as net “'n verandering in weerpatrone”. Soos ek in my artikel elders in hierdie uitgawe verduidelik, sal die grootste deel van die wêreld in opstand kom teen God en elke greintjie oorblyfsel van Sy ware boodskap heeltemal verwerp. Ons is besig om die einde van 'n era te nader. God gebruik nogtans Sy dienaars – sowel as hierdie ware Werk – om ons mense kragtige **waarsku** voordat dit te laat is!

Wanneer Jesus Christus ons dus net voor Sy wederkoms waarsku: “... daar sal **hongersnode** wees en *pessiektes* en **aardbewings** op verskillende plekke” (Mattheüs 24:7), moet u liever **glo** dat baie van hierdie voorvalle 'n teken van u Skepper af is dat Hy van plan is om in te gryp. U behoort ook te onthou dat wanneer mense hulle distansieer van God en Sy wette; wanneer hulle voortdurend **God se gebooie verbreek**, dan is dit *heel moontlik* dat Hy sal ingryp en aan daardie mense **liefdevolle tugtiging** sal gee! Wanneer massiewe en ongekende **aardbewings** begin plaasvind – *reg hier in die VSA* – sal mense probeer om die blaam op “klimaatsverandering” te plaas? Kan hulle “klimaatsverandering” blameer vir *al* hierdie komende profetiese gebeure? **Nee!**

Alhoewel die onsigbare Satan graag hierdie wêreld – vroegtydig – sal wil verwar om nie **ag te slaan** op God se waarskuwingstekens en nie te luister na Sy ware leraars nie, behoort u *nie toe te laat dat* dit met u en u gesin *gebeur* nie! Ons in

hierdie Werk van die grote God het egter herhaaldelik aan u vertel, nie net van “weersprobleme” nie, maar ook van 'n komende Verenigde State van Europa, van die **feit** dat God *alreeds* die meeste van die groot “seepoorte” wat Hy aan die volke van Amerika en Brittanje gegee het, weggeneem het, van die daling van ons geldeenheid se waarde en die uiteindelijke **ondergang** van die mense van Amerikaanse en Britse afkoms. **Al** hierdie dinge en baie ander gebeure wat nie verband hou met klimaatsverandering nie, is as waarskuwing gegee *deur hierdie Werk!* Vir u eie beswil dus, *bestudeer* asseblief die geïnspireerde Woord van God en wat dit werklik sê!

Namate die Ewige God kragtiger as ooit tevore begin om in te gryp deur massiewe **aardbewings**, **siekte-epidemies** en **onbestendige weer**, besef asseblief dat dit **God** is wat in beheer is – nie mensgemaakte “klimaatsveranderings” nie. Wanneer u hierdie dinge sien gebeur op die aarde, met “benoudheid

van nasies in *hulle* radeloosheid, wanneer **see en branders dreun**, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom” (Lukas 21:25-26) – wees dan gewillig om **ag te slaan** op die boodskap wat u Skepper aan u stuur. **Hy en slegs Hy alleen** – is die grote God. *Hy* is die Een wat u moet gehoorsaam wanneer hierdie dinge begin **ontvou**, presies soos Hy voorspel het! Mag God u hart versag, u verstand open en u help om gewillig te wees om na u Skepper te luister deur Sy dienaars. Mag God u help om Hom met u hele hart te **soek**, sodat u **beskerm** kan word teen hierdie komende gebeure, soos God gesê het: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36).



# Wêreld van Môre

## Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehoopmiddel te ontvang!**  
**Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**  
**Privaatsak X 3016**  
**Harrismith, FS**  
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**  
**en meld dat u navraag doen**  
**na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**